

HOOFSTUK 6 SLOTBESKOUIING

6.1 Samevatting

In hierdie hoofstuk word die belangrikste bevindings wat hierdie studie opgelewer het, kortliks aangetoon. Daar word ook enkele aanbevelings gemaak ten opsigte van verdere navorsingsgeleenthede.

Die studie het ontstaan uit 'n persoonlike liefde vir en belangstelling in sowel die letterkunde as die visuele kunste, asook uit die vernuftige wyse waarop Lettie Viljoen die literêre teks en die visuele beeld as't ware oormekaar laat skuif.

'n Verkenning van hierdie problematiek het gelei tot 'n verkenning van die ambivalente werkswyse van die Barokkunstenaar Poussin, asook die alomteenwoordigheid van die ambivalensie in die roman. Dit kan aanvaar word dat ambivalensie oral in die werklikheid aangetref word; in Lena se werklikhede, en ook in die sogenaamde sublieme en geïdealiseerde landskappe van Poussin. Hierdie ambivalensie in die werklikheid, soos dit in die roman tot uiting kom, is ondersoek. Dit het uit die ondersoek geblyk dat Lena feitlik haar hele werklikheid as ambivalent ervaar, omdat die hele werklikheid ambivalent is binne die gebroke werklikheid.

Daar is ook aandag gegee aan die feit dat daar by Lena 'n aanvanklike gebrek aan fokus is, en dat sy haar werklikheid met 'n soort versplinterde visie beskou. Die soort fokus waarna sy verlang, hou ook verband met die vermoë om die bestaan as grenservaring te beleef. Die grenservaring het in dié roman onder andere te make met die dun lyn tussen twee pole, die een positief en die ander negatief. Om op hierdie afgrondsrand te loop, veronderstel 'n kennis van beide kante. Dit is dan moontlik om die sublieme te beleef as Lena die vermoë aanleer om op die grens te leef.

Hierdie ondersoek het my by die teoretiese komponent van ruimte uitgebring. Hoewel die studie nie 'n studie oor ruimte as teksteoretiese komponent is nie, is daar wel gekyk na die algemene trekke van ruimte as literêr-teoretiese komponent. Dit is gedoen aan die hand van voorbeelde uit die hele oeuvre van Viljoen, omdat dit belangrik is, ter wille van die volledige ontsluiting van enige van Viljoen se romans, om die oeuvre as geheel te bekijk.

Ruimte is belangrik in die roman, omdat Lena ruimtegebonde is, en omdat ruimte 'n belangrike gegewe is in identiteitsvorming, soos geblyk het uit hoofstuk drie. Ander belangrike komponente van ruimte wat behandel is, is "landskap", "ruimte" en "plek". Dit het geblyk dat die term "landskap" verwys na 'n meer gekultiveerde ruimte as "plek", wat 'n meer konkrete en afgebakende terrein voorstel; iets wat deur grense bepaal word. "Landskap" verwys meer na 'n proses wat bewuswording kan aktiveer, en wat met emosie en herinnerings gelaai is. "Ruimte"

word deur middel van 'n proses getransformeer tot "plek", en binne hierdie groter geheel staan "landskap", wat beide 'n subjektiewe en objektiewe konnotasie kan hê.

Lena, as hoofkarakter en dikwels fokalisator, is op reis in die roman: letterlik en figuurlik. Sy "reis" met die doel om by haar kern uit te kom, wat skakel met die individuasiëproses van Jung en die psigoanalise. Daar is gekyk na die verskillende psigologiese en konkrete landskappe waardeur Lena metafories en fisiek gereis het. Dit het ook geblyk uit hierdie reise, dat sy telkens met 'n grens gekonfronteer is. Daar is bevind dat die grensgegewe in die roman verskeie metaforiese betekenis kan dra, maar daar is tot die slotsom gekom dat Lena persoonlike grense moet deurbreek, wat tot 'n hoogtepunt gevoer word tydens die belangrike lykskouing, wanneer Lena beseft dat daar geen vrywarings is teen menslike beperkings nie, maar dat die antwoord in die soeke na 'n kern lê in aanvaarding en integrasie van die ambivalente en die eg menslike.

Daar is ook gekyk na die inspraak van die Barokkuns, in die besonder, in die roman. Poussin se landskappe word belangrike ruimtes in die roman, omdat Lena haar telkens daarna wend in haar proses op pad na individuasie. Hierdie tipiese Baroklandskappe, geskilder volgens die tradisie van die Barok, hou onder andere ook verband met die wyse waarop die roman gelees behoort te word: volgens bepaalde roetes van voorgrond, skerp in fokus, na middelgrond en die newelagtige agtergrond. Daar word as't ware van die leser verwag om die literêre teks "skilderkunstig" te lees. Om na die roman te kyk as 'n soort "skildery-in-woord". Die vraag sou gevra kon word of dit inderdaad van die leser verwag kan word om sodanig te lees? Of dit haalbaar is om die liniêre op te skort en die teks as prent (in dié geval collage) te bekyk, terwyl die tradisionele intrige in die epiëse tradisie ontbreek? Die vraag sou gevra kon word of hierdie soort vernuwing oorlewingsmoontlikheid binne die epiëse tradisie het?

Die collage-agtige aanbod van die roman veroorsaak nie slegs leesstruikelblokke nie, maar dit was ook problematies ten opsigte van die samehang van die studie. Die palimpsestagtige aanbod van die roman, met die gefragmenteerde inhoud, het by my die gevoel laat ontstaan dat, in die proses van die studie, daar 'n poging aangewend is om die onmoontlike te probeer doen, naamlik 'n collage te probeer begrens en omlin. Na my mening leen die roman hom nie tot vaste grense nie, maar dui die oop slot juis op die oneidigheid en siklisiteit van die mens (hier verteenwoordig deur Lena) se bestaan binne die ambivalente werklikheid. Die roman kan beskou word as 'n snit uit die lewe van 'n individu, 'n collage van die alledaagse lewe van Lena Berg, in die tydsduur van vier seisoene.

Die studie is hoofsaaklik gebaseer op die volgende onderliggende teorieë: Lotman se teorie van binêre opposisies, omdat dit juis ambivalensie en kontras impliseer, en omdat genoemde ambivalensie soos 'n goue draad deur die roman loop; en op Panofsky se model vir

kunswerkanalise. Hierdie model is 'n werkbare en wetenskaplike metode waarvolgens kunswerke rasioneel bestudeer kan word. Dié twee metodes is verweef gebruik om by 'n sintese uit te kom, naamlik hoe die beeldende kuns in dié roman gebruik is om die verhaalaanbod te ondersteun, te verryk en te eggo. Dit het uiteindelik gelei tot 'n gevolgtrekking: Lettie Viljoen gebruik Poussin se ambivalente landskappe (ondersteun deur enkele ander kunswerke) om 'n postmoderne teks te skep wat besonder hoë eise aan die leser stel, omdat die roman sekere patrone van die Barok eggo, en omdat dit tot gevolg het dat die roman gefragmenteerd voorkom, met verskeie fokuspunte. Dit gee aan die roman 'n collageagtige karakteristiek, wat beurtelings weer bydraend is tot die skep van die hoofkarakter, Lena, se komplekse identiteit. Die roman kan dus op verskillende vlakke gelees word, en op talryke maniere geïnterpreteer word. Die volgende gevolgtrekkings behoort uitgelig te word omdat dit sentraal staan ten opsigte van hié die studie, en word in 6.2 kortliks bespreek.

6.2 Aanbevelings

Enkele aanbevelings kan gemaak word met die oog op verdere navorsing. Hierdie studie het slegs gehandel oor die inspraak van die Barokkuns, en enkele verteenwoordigende kunstenaars uit dié tydperk uit, op één roman. Dit is slegs die spreekwoordelike punt van die ysberg sover dit die oeuvre van Viljoen aangaan. Dit sal waardevol wees indien 'n studie aangepak kan word oor die inspraak van die visuele kunste in Viljoen se hele oeuvre, omdat die kunste in al haar romans baie sterk op die voorgrond tree.

Die kwessie van intertekstualiteit verdien ook navorsing. Daar is heelwat verbande te vind tussen Viljoen se romans en dié van Koos Prinsloo, veral ten opsigte van die slagveld as metaforiese ruimte. Dit skakel ook, myns insiens, aan by Ettienne Leroux se roman **18-44**, wat as intertekstuele teks in Viljoen se oeuvre nie misgekyk kan word nie. Ook die inspraak van Franz Kafka en James Joyce in haar romans verdien aandag. Ten opsigte van Kafka kan daar veral gekyk word na die populariteit van 'n teks al dan nie, as voorvereiste vir literêre oorlewing.

Voorts het Viljoen self (boekbespreking, Aardklop, 2004) die noodsaaklikheid, al dan nie, van 'n narratief in die verhaalkuns bevraagteken ten einde 'n boek se populariteit en lesersgetal te bevorder. Ook hié die onderwerp verdien aandag in 'n postmodernistiese konteks.

Landskap met vroue en slang sluit aan by, en voer die idee van 'n nuwe leestradisie verder, deur die visuele kunste as't ware te verhef tot nog 'n tekselement wat onontbeerlik is vir die volledige ontsluiting van dié roman, en het die weg gebaan tot meer spontane "gesprekvoering" tussen die verskillende "susters van die kunste".

6.3 Gevolgtrekkings

Na aanleiding van die studie kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word: Lettie Viljoen gebruik die ambivalente, skilderkunstige landskappe van Poussin en ander Barokkunsenaars om 'n ekstra ruimtelike dimensie aan haar roman **Landskap met vroue en slang** te gee. Die belangrikheid van landskappe, ruimtes en plekke staan sentraal in die roman en in die studie, omdat die titel van die roman dit impliseer, en omdat die hoofkarakter Lena, in haar "reise" deur hiërdie plekke, ruimtes en landskappe, besonder ingestel is op die ruimtelike gegewens om haar, en soms as fokalisator daarvan optree. Sy wend haar ook dikwels na die landskap ten einde 'n tipe identiteitsklarheid te bereik, wat gebaseer is op Jung se individuasiëproses.

Die begrippe landskap, ruimte en plek het verskillende interpretasiemoontlikhede. So verwys 'n landskap byvoorbeeld na 'n spesifieke streek, wat gewoonlik ook emosioneel-gelade is, of dit kan verwys na 'n natuurtooneel in 'n skildery. 'n Plek is 'n meer konkrete ruimte, wat op 'n vaste fondament dui, terwyl ruimte 'n meer oorkoepelende begrip is wat, hoewel ook deur grense bepaal word, op uitgestrektheid en onbekrompenheid dui.

Die gebruik van gegewens uit die skilderkuns maak van die roman 'n gekompliseerde teks wat 'n "onbekrompe" lees vereis. Die roman kan beskou word as postmodern, aangesien eggo's uit verskeie ander "tekste", soos byvoorbeeld die skilderkuns, die sielkunde, die filosofie én die letterkunde, gehoor word. Dit hef die tradisionele narratiewe op en skep 'n collage wat vernuwend en anders is.

Hierdie werkswyse kan vergelyk word met die werkswyse en sieninge van die Barokkunsenaars. Laasgenoemde impliseer die volgende: In die eerste plek het die Barokkunsenaars van die menslike sintuie gebruik gemaak om religieuse en spirituele belevinge op te wek, net soos Ignatius Loyola (Jesuiet en soldaat geleef en gewerk tydens die tydperk van die Barok), wat 'n vier-week meditasie reeks voorgestaan het wat gebaseer was op die menslike sintuie, en 'n reiniging van die siel sou voortbring. Lena poog om met "soortgelyke oorlewingsstrategieë", soos Loyola, 'n gevoel van standvastigheid aan haar bestaan en haar identiteit te heg. (15.) Hierdie klem op die sintuie word dwarsdeur die roman aangetref, sodat die leser soms as't ware saam met die karakters kan sien, hoor, voel, ruik en proe. (140.)

Tweedens kan die gevolgtrekking gemaak word dat Viljoen die ambivalensie in die Barokkunswerke gebruik om Lena se soeke na 'n identiteit te ondersteun: "Die konstruksie van 'n psigiese ruimte begin met ambivalensie en teenstrydigheid." (130). Barokkuns is gevorm deur 'n toenemende komplekse leefwyse, 'n snel-groeiende toename in kennis en deur 'n dieper insig in die psige van die mens. (Fleming, 2001:66). Hierdie kompleksiteit van die Baroktydperk word in die roman "herhaal" en kan onder andere gesien word in Lena se soeke na kennis, haar

gesprekke met Mara en Keet oor die sielkunde, en haar gedurige reise binne haar komplekse ruimtes (sowel psigies as fisiek).

Waar die kuns van die Renaissance 'n helder definisie en begrip van ruimte en plek gehad het binne duidelik-verstaanbare grense, toon die Barokkuns 'n "verstrengelde" karakter wat vloeibaarheid impliseer: "Neat Renaissance lines, circles, triangles and rectangles became the intertwinning spirals, curves, ovals, elongated diamond shapes, rhombuses, and irregular polygons of the Baroque." (Fleming, 2001:67.) Die roman toon "ooreenkomste" met hiërdie meer gedetailleerde kenmerke van die Barok: waar tradisionele romans 'n logiese narratiewe lyn volg, met duideliker grense, toon Viljoen se roman 'n "rusteloosheid", ryklik gevul met allerlei los brokkies inligting, versamel uit allerlei bronne. Dit roep 'n collage van beelde, woorde, ruimtes, plekke, herinneringe en gebeure op wat aan die roman 'n postmoderne karakter gee.

In die kuns van die Barok word mure en plafonne van geboue so geskilder dat dit 'n wolkerige illusie skep van vistas ver buite die reikwydte van die normale ruimtelike grense. Bernini se marmere heiliges en engele "dryf" byna vryelik in die ruimte en daar is 'n gevoel van spiritualiteit eerder as van die konkrete, soos buvoorbeeld ook gesien kan word in die werke van El Greco: "With El Greco, bodily being almost ceased to exist, and his figures are more spirit than flesh, his landscape backgrounds more heavenly than earthly." (Fleming, 2001:67.) Hierdie "spirituele" atmosfeer word ook dikwels in die roman geskep. Die kolonel sien byvoorbeeld geduring vergesigte van plekke wat net in die verbeelding of die onderbewuste van die mens kan bestaan. Die kolonel self is 'n karakter wat aan die onwerklike grens, en hy is in staat daartoe om verby tyd en ruimte te kyk en te leef (126 & 127). Molly Bloem "verloor" stelselmatig haar vleeslike massa en word deurskynend en gewigloos, soos 'n El Greco-figuur, of 'n Bernini-heilige: "Molly Bloem se onseker gestalte bewe bo die gesmelte teer soos iets uit die skimmeryk." (204.)

Ter afsluiting kan die inspraak van die kunste op die roman, in dié volgende woorde uit die roman self opgesom word: "Met uitsondering van die figure op die voorgrond, is die landskap tipies Barok: harmonieus, gebalanseer, ewewigtig. Mensgemaakte vorms sluit moeiteloos met mekaar." (23.) Ek wil afsluit deur te sê: "Met uitsondering van die figure op die voorgrond, is die roman 'n tipiese "Postmoderne Barok (woord)skildery": dissonante harmonieë, balans tussen woord en beeld, karakter- en ruimtebeelding, ewewigtig in sy eklektiese, collage-agtige aanbod. En literêre en skilderkunstige vorms sluit moeiteloos met mekaar, om 'n ideale woorlandskap te skep, wat nie monotoon of stereotiperend is nie. Dié woordlandskap, net soos die baroklandskappe, is in staat om feitlik oneindige interpretasiemoontlikhede op te roep, en het verskeie belangrike fokuspeunte (vergelyk weer die motto van die roman).

Dit het vir my deur die loop van die studie duidelik geword dat Viljoen daarin geslaag het om, met behulp van die skone kunste, 'n roman te skeep wat nuut, vars en anders is in Afrikaans, en daarmee saam het sy dit reggekry om die grense van tradisionele literatuur te verskuif en te verbreed.